**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 11: DIE VERVAARDIGING- EN DIENSTEFASE** ***MEMORANDUM***

1 **Wat is die tersiêre sektor?**

Dit is die sektor waar dit gaan om die lewering van dienste en nie soseer die produksie van goedere nie, byvoorbeeld vervoer- en kommunikasiedienste.

2 **By watter dienstesektore kan die volgende ondernemings ingedeel word: (a) Joe's Spaza Shop (b) Sarie Rekenmeesters (c) Sonnige Sonpaneel Installeerders (d) Spoedige Aflewerings.**

(a) Kleinhandelsdienste (b) Finansiële dienste

(c) Energiedienste (d) Vervoerdienste

3 **Watter eise stel die tersiêre sektor aan die opleiding van arbeid?**

Die tersiêre sektor vereis ʼn groter mate van opleiding vir die arbeidsmag. Daar is min werkgeleenthede vir laaggeskoolde en ongeskoolde arbeid.

4 **Hoe beperk buitelandse mededinging die groei van die tersiêre sektor?**

Die buiteland kan die meeste goedere en dienste goedkoper produseer as plaaslike ondernemings en verbruikers koop dan die goedkoper produk.

5 **In die afgelope tyd het beleggings in die tersiêre sektor toegeneem. Waarom?**

Die tersiêre sektor is ʼn groter en meer winsgewende sektor as die ander twee sektore.

6 **Hoe beïnvloed die aktiwiteite van vakbonde die winsgewendheid van die tersiêre sektor?**

Vakbonde eis voortdurend hoër lone sonder ʼn toename in arbeidsproduktiwiteit, wat dan produksiekoste verhoog en winste verlaag.

7 **Noem twee faktore wat met menslike gedrag verband hou wat die ontwikkeling van die dienstesektor in Suid-Afrika beperk.**

Die voorkoms van misdaad en korrupsie en die Miv/Vigs pandemie.